# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

UITGAWE 399 · 23 JANUARIE 2026

## INTERHUIS 2026




Geesbeker
2026
Kritte


Wenspan
2026
Aankomsbeker
2026
Visse

# INTERHUIS NUWE REKORDS

| Item | Groep | Atleet | Ou rekord | Nuwe Rekord |
|---|---|---|---|---|
| Hamergooi | Dogters 15 | Deseré Marx | 39.53m | 41.31m |
| Hamergooi | Dogters 16 | Tamlyn Heyman | 38.70m | 39.24m |
| Hamergooi | Seuns 17 | Lincoln Kunneke | 58.65m | 70.20m |
| Spiesgooi | Dogters 15 | Lea-May de Beer | 31.29m | 32.80m |
| 400m H | Seuns 17 | Dieter Voigt | 58.90s | 58.47m |
| Verspring | Dogters 15 | Wieneke Voigt | 5.23m | 5.30m |
| Verspring | Seuns 14 | Wikus Strydom | 5.85m | 5.90m |
| Verspring | Seuns 16 | Nico Grobler | 6.25m | 6.34m |
| Driesprong | Dogters 15 | Wieneke Voigt | 9.70m | 10.63m |

# vir volgende week

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 24<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>09:00 1ste+0/15A vs Westering (t)<br>2des+0/14A vs Westering (w)<br>**ATLETIEK:**<br>OPA Liga 3 (Oval)<br>Laerskole: Scholtz Sirkel (Framesby)<br>**REDENAARS:**<br>09:00 Werkswinkel by Framesby (Kultuursaal)<br>**08:00 - 11:00 D6**<br>***Communicator Opleiding: Personeel - Akademies*** |
| 25 | 26<br>Dag 7<br>DH: DEJ<br>**SAAL:** Juniors [MB]<br>**AKADEMIE:**<br>Notule 1 na AH<br>**RUGBY/NETBAL/HOKKIE:**<br>16:00 Wintersporte voorseisoen begin<br>**MNR/MEJ FRAMESBY:**<br>Oefentye sal gekommunikeer word<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>0/14A Liga vs VP (t)<br>0/14B Liga vs Grey (t)<br>**GHOLF:**<br>Liga<br>**BL-KOMITEE'S:**<br>18:00 SEK<br>18:30 GTT<br>19:00 FK | 27<br>Dag 1<br>**BLOEDSKENK**<br>**MNR/MEJ FRAMESBY:**<br>Oefentye sal gekommunikeer word<br>**OUERAAND (SAAL):**<br>18:00-18:45 Gr. 8<br>Alle leerders en een ouer teenwoordig, verpligtend.<br>TENNIS:<br>Dogtersliga | 28<br>Dag 2<br>**MNR/MEJ FRAMESBY:**<br>Oefentye sal gekommunikeer word<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>0/15B Liga vs Grey (w)<br>3des Liga vs Grey (t)<br>**NETBAL:**<br>15:15 Skeidsregters-kursus<br>(Die Kosblik)<br>**LEIERSKAP:**<br>Klasverteenwoordiger verkiesing in voogklasse<br>18:00 Trustvergadering | 29<br>Dag 3<br>**ATLETIEK:**<br>Sone (Oval)<br>(PA: CRO)<br>**KRIEKET DOGTERS:**<br>Liga vs VP<br>**MNR/MEJ FRAMESBY:**<br>Oefentye sal gekommunikeer word<br>**18:00 BL- VERGADERING**<br>TENNIS:<br>Seunsliga | 30<br>Dag 4<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>1ste+0/15A vs Kingswood (w)<br>**MONITORBESTUUR:**<br>Civvie-dag<br>**SKAAK:**<br>14;15-17:00 Proewe (t) | 31<br>**KRIEKET SEUNS:**<br>09:00 1ste+0/15A vs Kingswood (w)<br>2des+0/14A vs Kingswood (t)<br>**TENNIS:**<br>Ouer+Kind Tennisdag<br>**ATLETIEK:**<br>Dirk Brand Laerskole Atletiek (t)<br>**SKAAK:**<br>08:00-14:00 Proewe (t) |

# 274 GRAAD 8'S VIR 2026

Die graad 8-oriënteringsnaweek, wat van 17 tot 19 Januarie 2026 plaasgevind het, was 'n heerlike en opwindende begin van ons nuwe graad 8-Flitsies se hoërskoolloopbaan. Die naweek is gevul met samesyn en nuwe vriendskappe – van 'n prettige en leersame Saterdagoggend, tot die spesiale baadjieseremonie, waar elke leerder amptelik as deel van die Framesby-familie verwelkom is. 'n Gesellige braai saam met ouers het die dag afgerond en waardevolle samehorigheid tussen skool en ouerhuis bevorder. Die naweek is op 'n betekenisvolle wyse met 'n kerkdiens afgesluit. Ons wens elke graad 8-leerder 'n onvergeetlike en gelukkige vyf jaar by Hoërskool Framesby toe – mag dit 'n tyd wees van groei, prestasie en trots as deel van ons Framesby-familie.



# GRAAD 8-ORIЀNTERINGSNAWEEK















Graad 8
BAADJIESEREMONIE
Hoërskool Framesby
FRAMESBY

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek deel graag die volgende met u:

In Filippense 2 vers 5 sê Paulus: "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."

En hy verduidelik dat Jesus Homself verneder het, die pad van 'n dienskneg gekies het, en selfs tot die dood toe gehoorsaam was. Dit is die hart van Christus se denke: nederige, selfopofferende liefde.

Dink 'n bietjie hieraan: Hoe lyk ons keuses as ons deur Jesus se oë kyk?

In plaas daarvan om aan kwaad vas te hou, kies ons vergifnis.
In plaas van om onsself eerste te plaas, kies ons om te dien.
In plaas van om ons gemak en gemaklikheid bo alles te stel, kies ons waarheid en gehoorsaamheid.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) OUERAAND GRAAD 8

Verpligte oueraand vir graad 8's vind op 27 Januarie 2026 om 18:00 in die skoolsaal plaas. (elke leerder moet deur een ouer vergesel word).

B) VOORKOMS EN NETHEID VAN LEERDERS

Ons doen 'n beroep op u, as ouer, om die personeel se hand te versterk ten opsigte van ons leerders se voorkoms en algemene netheid. Bestudeer asseblief die riglyne saam met u leerder soos in die jaarbeplanner vervat. Daar sal weeklikse inspeksie gehou word waar die netheid van ons leerders gekontroleer sal word. Dit vorm 'n belangrike deel van ons waardestelsel en stuur 'n positiewe beeld rondom ons leerders en skool die gemeenskap in.

C) INTERHUIS ATLETIEK

Ek wil graag alle ouers, leerders en personeel bedank vir 'n besonderse dag. Die blou skool met sy unieke DNA het sterk na vore getree.

D) OOPDEURBELEID

Ek rig weer 'n uitnodiging aan elke ouer om my te kom besoek oor enige aangeleentheid wat u pla. By HS Framesby het ons geen geheime nie en help graag met antwoorde waar u vrae het. Ons kan egter oor sienings oor die skool verskil, maar dit doen ons met groot respek vir mekaar se sienings. Afsprake kan voor by die sekretaresse gemaak word en wees verseker u besoek sal nie teen u en u kind gehou word nie.

E) PERSOONLIKE BESITTINGS

Ek doen net weer 'n beroep op ouers om hul leerders goed in te lig om hul persoonlike besittings mooi op te pas.

F) FAKKELFLITS

Die bestudering van die weeklikse Fakkelflits word sterk aanbeveel. Dit is 'n uitbouing van inligting na u as ouer. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

G) HULPKLASSE WISKUNDE

Hulpklasse vir grade 8 tot 10 sal Dinsdag, 3 Februarie 2026 begin. Tye is in die jaarbeplanner op bladsy 182 aangebring.

H) KWARTAALPROGRAM

Aangeheg die eerste kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings is.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Dit wat Hoërskool Framesby u leerder in 2026 op alle terreine bied, is voorwaar 'n winskopie. Hierdie geleenthede teen ons huidige skoolfonds sal u by min skole kry. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS



# TENNISUITSLAE

Eben Peens het van 8 tot 11 Januarie as deel van die Oos-Kaapse o.19-Elephants-span aan die IPT in Pretoria deelgeneem. Die span het algeheel 6de geëindig. Eben het besonders goed gevaar en is ook vir die SA Skole o.19-span gekies. Ons is baie trots op hom met hierdie merkwaardige prestasie.





# SWEMUITSLAE

Liam Cloete (o.15) het op 8 Desember 2025 aan die eerste Aquelle Ocean Series deelgeneem en 'n 1ste plek behaal. Hy neem ook op 11 Januarie aan die tweede Aquelle Ocean Series deel en behaal `n 2de plek in sy ouderdomsgroep.

Inge Moore, `n nuwe graad 8-leerder, neem ook op 11 Januarie aan die "Aquelle Ocean Series" deel en behaal 'n 2de plek in haar item en ouderdomsgroep.

Carl Andrews het tydens beide die eerste en tweede Aquelle Ocean Series `n 1ste plek in die 1km-resies in sy ouderdomsgroep behaal. Hy behaal ook die volgende plekke by die interdistriksgala:
2de plek
50m rugslag
200m rugslag
200m vryslag
3de plek
50m vlinderslag
100m rugslag
100m vryslag



Tydens die NMBA-opewaterkampioenskap behaal Mia Strydom 'n 2de plek en André Strydom 'n 3de plek in hul onderskeie ouderdomsgroepe. André kwalifiseer ook vir die 3km- en 5km-SA-opewaterkampioenskap.
Baie geluk julle. Ons is trots op julle!








# KRIEKETUITSLAE

**Framesby 1ste teen Victoria Park 1ste @ Framesby**
**16 Januarie**

20 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 145 vir 9 paaltjies in 20 boulbeurte aan.

Beste kowlers:
* Renquin Goliath 42 lopies van 34 balle.
* Dandré Henwick 40 lopies nie uit nie van 35 balle.
* Nicholas Joubert 20 lopies van 10 balle.

Victoria Park teken 85 almal uit in 20 boulbeurte.

Beste boulers:
* Corbin Fleetwood vat 2 paaltjies vir 10 in 3 boulbeurte.
* Corné Pieterse vat 2 paaltjies vir 10 lopies in 4 boulbeurte.
* Miles Feltham vat 1 paaltjie vir 11 lopies in 1 boulbeurt.

Framesby wen met 60 lopies.

**Framesby 1ste teen Victoria Park 1ste @ Victoria Park**
**17 Januarie**

50 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 261 lopies almal uit in 46.4 boulbeurte aan.

Beste Kowlers:
* Nicholas Joubert 38 lopies van 36 balle.
* Renquin Goliath 38 lopies van 45 balle.
* Dandré Henwick 38 lopies van 71 balle.

Victoria Park teken 173 almal uit in 44.4 boulbeurte.

Beste boulers:
* Miles Feltham vat 6 paaltjies vir 25 lopies in 8.4 boulbeurte.
* Ruan Mathee vat 1 paaltjie vir 11 lopies in 4 boulbeurte.
* Dandré Henwick vat 1 paaltjie vir 27 lopies in 8 boulbeurte

Framesby wen met 88 lopies.

# KRIEKETUITSLAE

**Framesby 2de teen Victoria Park 2de @ Framesby**
**17 Januarie**

40 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te boul.

VP teken 57 lopies almal uit in 22.3 boulbeurte aan.

Beste boulers:
* Jayden de Vos vat 3 paaltjies vir 5 lopies.
* Aryan Janse van Rensburg vat 3 paaltjies vir 20 lopies.
* Luan Claassen vat 2 paaltjies vir 7 lopies.

Framesby teken 59 vir 2 aan in 10 boulbeurte.

Beste kolwers:
* Chano Fouche 32 nie uit nie van 32 balle.
* Christo Landman 9 van 22 balle.
* Keegan Wuim 4 nie uit nie van 5 balle.

Framesby wen met 8 paaltjies.

**Framesby o.14A vs Victoria Park o.14A @ Framesby 35 boulbeurte**
**17 Januarie 2026**

VP wen loot en kies om te kolf.

VP teken 199 lopies almal uit aan in 29.3 boulbeurte.

Beste boulers:
* Jaydon Meadon neem 2 paaltjies vir 4 lopies in 1 boulbeurt.
* Wesley Tait neem 2 paaltjies vir 18 lopies in 6 boulbeurte.

Framesby teken 175 lopies almal uit aan in 31.5 boulbeurte.

Beste kolwers:
* Divandre Vosloo teken 79 lopies aan van 94 balle.
* Stefan Spinks teken 26 lopies aan van 42 balle.

VP wen met 24 lopies.

# KRIEKETUITSLAE

**Framesby o.15A teen Victoria Park o.15A @ Victoria Park**
**16 Januarie**

20 boulbeurte

Framesby verloor die loot en word in gestuur om eerste te kolf.

Framesby teken 149 vir 3 in 20 boulbeurte aan.

Beste kolwers:
* Karlu Oosthuizen 35 lopies nie uit nie van 24 balle.
* Eben Snyders 35 lopies van 32 balle.

VP teken 119 almal uit in 18 boulbeurte.

Beste boulers:
* Matthew Struwig vat 5 paaltjies vir 7 lopies in 4 boulbeurte.
* Stean Raubenheimer vat 2 paaltjies vir 22 lopies in 4 boulbeurte.

Framesby wen met 30 lopies.

**Framesby o.15A teen Victoria Park o.15A @ Victoria Park**
**17 Januarie**

50 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 187 almal uit in 38 boulbeurte.

Beste kolwers:
* Matthew Struwig 54 lopies van 56 balle.
* Kian Marais 28 lopies van 84 balle.

VP teken 81 almal uit in 31.2 boulbeurte.

Beste boulers:
* Matthew Struwig vat 3 paaltjies vir 19 lopies met 3 in 10 boulbeurte.
* Bernard Janse van Rensburg vat 3 paaltjies vir 11 lopies in 5 boulbeurte.

Framesby wen met 106 lopies.

# KRIEKETSPANFOTO'S







Lus vir vars lug,
fiksheid en pret op twee wiele?
Sluit by ons aan!
FRAMESBY
BERGFIETS
Oefentye:
Maandae & Woensdae
16:30 – 18:00
Waar oefen ons?
Norm Hudlin & die Containers
William Moffat
Sluit aan by ons WhatsApp-groep:
https://chat.whatsapp.com/EKE3NwlO4KkIEoPTA0B5NP
DANKIE AAN ONS BORGE
TECHNO-DENT
ADVANCED COLLISION REPAIRER
cycloPRO


FRAMESBY
MUURBAL
SPOED. FOKUS. VASBYT. MUURBAL BY FRAMESBY IS WAAR ENERGIE EN ENTOESIASME ONTMOET. ELKE WEDSTRYD IS 'N UITDAGING, ELKE PUNT 'N OORWINNING EN ELKE SPELER DEEL VAN 'N SPAN WAT STREEF NA UITNEMENDHEID.
OEFENTYE:
MAANDAE & WOENSDAE
15:00 - 16:45
WAAR OEFEN ONS?
LONDT PARK
Framesby Muurbal 2025
WhatsApp group
Navrae:
Juf Vorster
K33



Hoërskool Framesby
bied aan
OUER EN KIND
TENNIS
TOERNOOI
31
JANUARIE
2026
9 UUR
TEMA:
Disney
R140 P.PAAR
SLUIT
WORSROL &
KOELDRANK IN

# KULTUUR BY FRAMESBY




Framesby het op 20 Januarie 'n suksesvolle kultuurbekendstelling in die kultuursaal aangebied. Die geleentheid het leerders die kans gegee om meer te leer oor die verskillende kultuuraktiwiteite wat by die skool aangebied word. Met entoesiasme en samewerking is 'n positiewe atmosfeer geskep wat belangstelling en betrokkenheid aangemoedig het en die waarde van kultuur by ons skool beklemtoon het.














# WELKOM AAN ONS NUWE MUSIEKAFRIGTERS






















MNR & MEJ
Framesby
10 FEBRUARIE 2026
19:00 IN DIE SAAL
KAARTJIES:
R80 BESPREEK
R60 ONBESPREEK
KAARTJIES BESKIKBAAR
BY DIE ALGEMENE KANTOOR

# MNR & MEJ Finaliste



MIEKE FRIER



LINMARI BOTHA



MARI GEISSLER



LEANÉ DU PREEZ



ZANDRI STUMKE



ANIKA JOHNSTONE



ZIA FERREIRA



MÉ-JEAN DU PREEZ



EMMA OLIVIER



ANESKA FERREIRA



GRACE GREEFF



ANNEKE GROBLER

# MNR & MEJ Finaliste



JANCO FABER



DANIEL STOFBERG



CONNOR BEER



WIAN HOLTZHAUSEN



JACO STRYDOM



LUHANN SPRONG




JOHNETON VAN ROOYEN



AIDAN WEYERS



CHALES BLIGNAUT



NICO BARKHUYSEN



DYLAN GROBLER



OWEN WESSELSS


BLOEDSKENK
Skenk lewe. Skenk bloed
27 JANUARIE
KULTUURSAAL



Pan-Studio
STEELBAND
Klank met karakter
Me I Adendorff
Dinsdae 14:15-15:30
Donderdae 06:30-07:30
Vrydae 06:30-07:30


FRUK
Meer as net toneel
Me I Adendorff en Me C Potgieter
Maandae 14:15-16:00 Saal
Dinsdae 14:15-16:30 Saal
Woensdae 14:15-15:15 Kultuursaal
Donderdae 15:30-16:30 Kultuursaal


Robotikaklub
Slimmer as gister
Me M Moss
Woensdae 14:15-15:15 K20


DEBATKLUB
Dink voor jy Sink
Me I Louw
Woensdae 18:30-20:00
Kultuursaal


FORTE
Ons speel met passie
Me L Koers
Dinsdae en Donderdae
17:30-19:30 Saal


Flink-
dinkers
Krag in kennis
Me C Coetzer
Dinsdae 14:15-15:15
Mediasentrum

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *Lede*

## Oudskolier

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek2000)*
Ernst Stapelberg *(matriek2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek1999)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Jonathan Gardiner *(matriek2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek1998)*
Konrad de Villiers *(matriek2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
Anoniem *(matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek2006)*
Marieta Kemp *(matriek 1973)*
Mariette Geldenhuys *(matriek2000)*
Conrad Wagener *(matriek 1995)*
Jannie vd Merwe *(matriek1993)*
Craig Gardiner *(matriek 1995)*
Mark Bradshaw *(matriek 1984)*
Marcel Bradshaw *(matriek1983)*
Riette Gerber *(matriek 2006)*
Dion Rademeyer *(matriek 1983)*
Elmarie Loftie-Eaton *(matriek 2003)*
Pieter Coffee *(matriek 1995)*
Craig Gardner (matriek 1995)
Hester Geissler *(matriek 1995)*
Eugene Nolan *(matriek 2007)*

## Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)
SP Engelbrecht (ouer)
Dian Jordan Du Preez (ondersteuner)
Riekie de Beer (ouer)
Bertie Geissler (ouer)
Eben Gerber (ondersteuner)


## Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 barometer



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

*Beste Oudskolier. Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na* ***fos@framesby.co.za*** *sal e-pos.*

NAAM EN VAN :
NOOIENSVAN:
ID-NOMMER:
JAARTAL GEMATRIKULEER:
ADRES:
PROVINSIE:
BEROEP:
TELEFOON:
SELFOONNOMMER:
E-POSADRES:

***U inligting bly hoogs vertroulik.***

**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons stelsel stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy jou in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak! 'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige Trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursigtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.
PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn. Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.



Hoërskool Framesby

# Krieketakademie

IN SAMEWERKING MET YOUTH RISERS KRIEKETAKADEMIE

YOUNG RISERS
KRIEKETAKADEMIE

| 0.9 EN 0.10 | 0.11 - 0.13 |
| --- | --- |
| ELKE MAANDAGMIDDAG | ELKE DINSDAGMIDDAG |
| 17:00 - 18:00 | 17:00 - 18:00 |
| VANAF 2 FEBRUARIE 2026 | VANAF 3 FEBRUARIE 2026 |

EINDIG 23 EN 24 MAART 2026

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigter



AUBREY FERREIRA



# Hoërskool Framesby

# Rugbyakademie

IN SAMEWERKING MET LINE BREAK RUGBY DEVELOPMENT

KOSTES R450 VIR 6 SESSIES OF
R150 PER SESSIE

OUDERDOMSGROEPE: 0.10/ 0.11 / 0.12/ 0.13

16,23,30 JANUARIE EN
6,13,20 FEBRUARIE

TYD 14:45-15:45

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigters




RENIER DE VILLIERS




ANRICH ALBERTS





JOHAN MEYER

Twizza

IZULU.

PLATŌ
COFFEE SCULPTED
COMMUNITY INCLUDED



Hoërskool Framesby

# Netbalakademie

R80 PER SESSIE

JANUARIE 2026:
14/16/30
FEBRUARIE 2026:
4/11/18/20
MAART:
4/11/13/18/25/27

14:30 - 15:30

NAVRAE:
0.7 - 0.10
JOHANN: 081 852 2584
0.11 - 0.13
CHARMAINE 079 885 5416

FOKUSPUNTE:
BASIESE VAARDIGHEDE
VERDEDIGING
VOETWERK
AANVAL
DOELWERK

SKRYF IN DEUR DIE SKAKEL TE VOLG:
https://forms.gle/CKS7Q7tZTkdeiWhA6

## Afrigters



JOHANN VAN DER WALT



CHARMAINE BEETGE